Stella straat

Eksodus 33:12-23

"God is naby ons"



Tuis-Adoramus 18 Oktober 2020

– geskryf deur Anton Pienaar

Tema: "God is naby ons"

Teks: Eksodus 33:12-23

Liewe Adoramusvriende,

Ons nooi jou om tyd opsy te sit om hierdie tuis-adoramus alleen of saam met ander te doen.

Berei net eers voor om die musiek wat hier voorgestel word, te kan luister wanneer jy daar kom.

Groete,

Willem, Anton, Tienie en Fay

Een van die pragtigste gedeeltes van die Bybel – net soos die gedeelte wat ons in Eksodus 3 gelees het toe Moses by die Braambos was. God is steeds 'n misterie, onsigbaar vir mense, maar saam met hulle.

'n Mens kry dadelik die gevoel wat Sheila Cussons in haar gedig so mooi beskryf: *membraan of illusie, so dun is dit …*

Lees die verhaal deur en probeer ook die gevoel kry hoe God homself nie laat sien nie. Hoewel Hy baie naby aan Moses en die volk is, is die membraan ondeurdringbaar. In die gedeelte kry ons wel die versekering dat God en sy ontferming naby aan Moses en die volk is.

'n Pragtige lied oor God se nabyheid, *My God is near* van Mac Lynch, is meer as net luisterbaar. Die lied is uiting van vertroue dat God naby aan ons is.

https://www.youtube.com/watch?v=Vcg7tbSWE_A

Kardinaal Joseph Ratzinger het 'n boekie geskryf met die titel: *God Is Near Us*, waarin dit sy oortuiging is dat God in die nagmaal by ons teenwoordig is. En wanneer ons die heilige tekens gebruik, verander ons – al ons lewenskrag kom van die ervaring van God se nabyheid in die nagmaal.

Kom ons word stil vir 10 minute.

Ons meditasie gaan oor die ervaring van God se nabyheid. Probeer jou gedagtes net daarop rig dat God nou naby jou is. Nader as die klank van die verkeer. Of die nag-geluide wat jy mag hoor. Nader as die vêraf klanke van 'n radio of 'n televisie. So naby aan jou dat selfs jou vel liggies bewe. God se liefde en ontferming oorspoel jou lyf en jou gedagtes.

Die musiek van Efisio Cross is ook nie aan my bekend nie. En selfs bietjie vreemd. Maar as jy met toe oë luister na As *long As God Loves Us*, voel dit naderhand of God op meer as een manier hier rondom jou is. Terwyl jy na die musiek luister gaan jou gedagtes verskillende 'dimensies' ervaar. Sien dit as die dimensies van jou lewe waar God ontferm en teenwoordig is.

https://www.youtube.com/watch?v=gZgwp0zTQO8

Voordat ons ons Adoramus verlaat, doen ons elkeen 'n kort vrye gebed waarin ons God se ontferming oor ons geliefdes afbid.